

Garden World
Making a world of difference

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

4 Oktober 2008 – Voorbereiding en Saai van Saad Beddings

- 'n Goeie saad bedding moet goed kan dreineer om te verhoe dat die sade nie vrot of fungus ontwikkel nie. Dit moet ook genoeg water kan terug hou sodat die sade nooit heeltemal sal uitdroog nie. Vir kleiner saad moet die saad bedding baie fyner wees. Om dreinering te bevorder kan jy riviersand in die beddings in meng en om water terug te houk an 'n mens Veen, Stockasorb of Absorb It in meng.
- Lees die aanwysings agter op die pakkies sodat jy weet hoe 'n groot area dit sal dek en hoe groot die plante sal groei.
- As jy in 'n saadbaksaai, was die bak goed uit met 'n jik oplossing om dit te steriliseer. Vul jou saadbak met die saai medium.
- Maak die grond effens nat voor jy saai.
- Saai die saad egalig van links na regs en as jy nog saad oor het van bo na onder. Probeer om jou hand so laag as moontlik en so egalig as moontlik te beweeg.
- Sif 'n baie dun lagie grond bo-oor die saad en onthou die lagie grond moet dieselfde dikte wees as die saad self.
- Druk die saad vas met 'n plank of rol dit vas met 'n pyp.
- Gooi die saad baie egalig nat en maak seker dat jy dit op 'n daaglikse basis natgooi tot dat die wortelstelsels groot genoeg is om elke tweede dag se water te kan opneem.
- Aangeheg is 'n saaigids van Starke Ayres wat vir jou 'n riglyn kan gee oor wat om wanneer te saai.

tuis&home

EFEKTO For Life